kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Meriete, verdienste of genade?

Skriflesing: Matteus 20:1-16

"Go placidly amid the noise and the haste, and remember what peace there may be in silence. As far as possible without surrender, be on good terms with all persons. Speak your truth quietly and clearly, and listen to others, even the dull and ignorant; they too have their story. Be yourself. Especially do not feign affection. Neither be cynical about love – for in the face of all aridity and disenchantment it is perennial as the grass. Take kindly the counsel of the years, gracefully surrendering the things of youth. Nurture strength of spirit to shield you from misfortune. But do not distress yourself with imaginings. Many fears are born of fatigue and loneliness. Beyond a wholesome discipline, be gentle with yourself. You are a child of the universe no less than the trees and the stars; you have a right to be here. And whether or not it is clear to you, no doubt the universe is unfolding as it should. Therefore be at peace with God, whatever you conceive Him to be, and whatever your labours and aspirations, in the noisy confusion of life keep peace with your soul. With all its sham, drudgery and broken dreams, it is still a beautiful world."
— Max Ehrmann, Desiderata - A Poem for a Way of Life

Broodjies vir die pad

Om die pampoen te soen
(fragmente van 'n brief uit WOKNAKWYS)

elke stilbeweegstonde van die dag
is gedig
wanneer jy ontvanklik is –
elke moment van mou en mansjet
ontmoeting met wat lewe
of gelewe het
'n lewegewende lewensles

alles wat ooit bestaan het
alles wat ooit gelewe het
alles wat 'n ruimte laat bewe
om 'n merk te laat
vir die vergeet
van altyd se wees

want al manier om die lewe
verby vashou te onthou
is om dit veilig te bêre
onder die pols-sing van maanvergeet –
elke asemteug grasspriet goejop
voëlsang wolk potlood tong

is boeddha, my boet pampoen

alles wat bloei tot boeddhawees
is pampoenmaan
en jy net ('n) bewuswording
om onder te gaan in die lewe
en so te bly bewe in die dood

jy mag maar huil
want alles huil
in stilte se syn

jy mag maar
intiem by nie-syn ingaan

daarom: indien jy boeddha
teenkom op die weg:
maak hom dood
met al die liefde
van jou vergaanbestaan

en éét daai soetpampoen

Breyten Breytenbach

◆◆◆

"When You Are Old"

WHEN you are old and grey and full of sleep,
And nodding by the fire, take down this book,
And slowly read, and dream of the soft look
Your eyes had once, and of their shadows deep;

How many loved your moments of glad grace,
And loved your beauty with love false or true,
But one man loved the pilgrim soul in you,
And loved the sorrows of your changing face;

And bending down beside the glowing bars,
Murmur, a little sadly, how Love fled
And paced upon the mountains overhead
And hid his face amid a crowd of stars."

W.B. Yeats

◆◆◆

'In dié ruimte word drome waar'

Laetitia Pople

Oor 'n week open die wêreld se grootste museum toegewy aan Afrikakuns en die diaspora.

Die Zeitz MOCAA-museum, 'n R500 miljoen-projek in die Silo-distrik van die V&A Waterfront in Kaapstad, open oor die Erfenisnaweek.

Dis 'n gesamentlike onderneming tussen die Duitse sakeman Jochen Zeitz en die Waterfront en het ten doel om kuns van Afrika en die diaspora nie net te vertoon nie maar ook "te versamel, te bewaar en na te vors".

'n Spesiale voorskou is gister vir die plaaslike en internasionale media gehou.

Benewens die aanskoulikheid van die Britse argitek Thomas Heatherwick se transformasie van die honderdjarige graansilo in ’n sielvolle, eietydse vertoon- en bergruimte is die magdom kuns wat hier te sien is, ongeëwenaar. Twaalf tentoonstellings is oor nege verdiepings versprei en dit sluit ook in ’n beeldtuin op die dak met beelde van El Loko van Togo en Kyle Morland van Suid-Afrika. Altesaam 39 plaaslike en besoekende kurators het aan die tentoonstellings gewerk onder aanvoering van Mark Coetzee.

Die Angolese kunstenaar **Edson Chagas** se *Luanda, Encyclopedic City* word die eerste keer hier ten toon gestel nadat dit in 2013 met die Goue Leeu op die Venesiese Biënnale bekroon is. Die Suid-Afrikaner **Nicholas Hlobo** se reusevuurvoël kom tuis in die ligdeurdrenkte atrium van die museum. Dit is laas op die Venesiese Biënnale in 2011 vertoon. Die werk heet *Iimpundulu Zonke Ziyandilandela* (Die weerligvoëls jaag my) en is geskep uit rubber en veelkleurige linte.

Die reuse-groeptentoonstelling *All Things Being Equal . . .* – wat 40 kunstenaars verteenwoordig van onder meer Egipte, Ghana, Nigerië, Suid-Afrika en Kenia – is gebou rondom ’n vraag wat die kurators baie gehoor het oor die Zeitz-museum: “Hoe gaan ek verteenwoordig word in die museum?”

Vergete mense en lande is die fokus van die fotograaf Mouna Karray van Tunisië wie se werk in die Roger Ballen-stigting se Centre for Photography te sien is. En in die Centre for the Moving Image is die Malawiër Samson Kambalu se solotentoonstelling *Wounded Negatives* te sien, wat handel oor die trauma van die geskiedenis.

Die eertydse “dusthouse” – waar die lug van die silo gefiltreer is om werkers se longe te beskerm – huisves die Brits-Nigeriese kunstenaar Yinka Shonibare se installasie *Addio del Passato*, wat die tragiese verhaal van lord Nelson se verlore minnaar vertel deur operamusiek en ’n videoprojeksie.

Die solotentoonstelling van Kudzanai Chiurai van Zimbabwe, *Regarding the Ease of Others*, die Suid-Afrikaner Michele Mathison se *Harvest*, die beeldreeks *Material Value* van SA se Nandipha Mntambo, en Zanele Muholi se *LGBTQI* voltooi die solotentoonstellings.

In die Centre for Performative Practice is die werk van drie Suid-Afrikaners te sien – Gabrielle Goliath, Jacki Job en Mamela Nyamza. RoseLee Goldberg van Performa in New York is een van die kurators van dié sentrum.

In vraetyd is vrae geopper oor die toeganklikheid van die museum, dat dit gehuisves word in Kaapstad, wat nie werklik ’n “Afrikastad” is nie.

Mary Sibande, van wie ’n reuse-installasie in die museum gehuisves word, het gesê dat dit belangrik is om ’n plek te hê wat Afrikakunstenaars se werk wys: “Dit is hierdie ruimte waar ons drome waar word; die ondersteuning hier is ongelooflik.”

Goldberg het benadruk dat die museum “kunstenaars se plek is om moeilik te wees, om vrae te kom vra; dit is hier toelaatbaar; dit is hier waar kulturele dialoog gebeur”.

Toegang is R180 vir volwassenes. Dit is gratis vir almal onder 18. Jaarkaartjies kos R250.

http://www.netwerk24.com/Vermaak/Kuns/in-die-ruimte-word-drome-waar-20170915

◆◆◆

Brood vir die pad

Dié woede kan bemagtigend en hoopgewend wees

RRV

‘Hoop het twee pragtige dogters, en hul name is woede en moed. Woede omdat dinge is soos wat dit is, en moed om dinge nie te laat soos wat dit is nie.”

Wat opval in hierdie aanhaling (wat dikwels aan Augustinus van Hippo toegeskryf word), is die onverwagte verband wat tussen hoop en woede gelê word.

Net solank ons nie vergeet van hoop se ánder dogter nie; van die moed om dinge nie te laat soos dit is nie.

Groeiende woede, skryf baie ontleders, is een van die kenmerke van ons tyd. Ons leef in die “age of rage”. Ons is kwaad. Kwaad vir mekaar, kwaad vir die regering, kwaad oor ons omstandighede. Maar hoe moet ons dink oor woede? Is hierdie komplekse emosie dan nie ’n ondeug en selfs een van die sewe doodsondes nie?

Die Middeleeuse denker Thomas Aquinas – wat sterk deur Augustinus beïnvloed is – oordink juis hierdie vraag in sy Summa Theologiae.

Hy is terdeë bewus van die vernietigende krag van ’n onredelike woede. En die meeste van ons ken hierdie skadukant van woede – hoe dit ons kan verblind, hoe dit ons dinge laat doen wat ons later berou, hoe dit tot die vertroeteling van bitterheid, haat en wraakgedagtes lei.

Daarom is die Bybelse raad gepas: “As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie ’n dag kwaad afsluit nie.” (Ef. 4:26) Aquinas is egter ook bewus dat daar ’n diep morele probleem is wanneer ons nié kwaad is oor die dinge waaroor ons eintlik móét kwaad wees nie.

Onlangs kom ’n groep van ons by ’n *retreat*-sentrum bymekaar. Ons praat oor teologie en ekonomie, oor die Kerk en armoede. Ons luister na ekonome, kerkleiers en gemeenskapswerkers.

Op die laaste dag praat ’n jong student oor die haglike, onmenslike en lewensbedreigende omstandighede waarin mense in plakkerskampe leef.

Sy woorde is in woede gedrenk. Hy is kwaad oor hoe vroue verkrag word wanneer hulle snags na buitetoilette gaan. Hy is kwaad oor die sistemiese onreg wat maak dat sommige bevoordeel word terwyl ander in groterwordende armoede en ellende leef.

Vroeër kom van ons in die kapel byeen. Teen die einde spreek die liturg ’n Franciskaanse seënbede uit: “Mag die Here jou seën met woede oor onreg, onderdrukking en die uitbuiting van mense sodat jy kan werk vir geregtigheid.”

Ook dié woorde herinner ons aan ’n tipe woede wat bemagtigend en hoopgewend kan wees. Solank daar dié soort woede is, is daar hoop. Dalk is woede tog ’n gepaste naam vir hoop se dogter.

Net solank ons nie vergeet van hoop se ánder dogter nie; van die moed om dinge nie te laat soos dit is nie.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-woede-kan-bemagtigend-en-hoopgewend-wees-20170908

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877